

1 DESEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 138
FOKUSGEDEELTE: PSALM 138:6**

Die Here is hoog verhewe ... en dit laat my lewe!

Een van die groot kerkhervormers het eenmaal gesê dat die psalms soos 'n spieël is waarin die gelowige homself sien. Vanaf Psalm 138 verwoord Dawid in die volgende agt psalms telkens sy persoonlike belewenis van die Here.

In Psalm 138 is dit sy diepste hartsbegeerte om die Here met sy hele hart te loof. Daarvoor het hy meer as genoeg rede. Hy betrek selfs die gode om hieraan deel te hê as hy tot eer van die Here sing. Daar is 'n lied in sy hart oor alles wat die Here gedoen het. Hy ondervind die Here se liefde en trou; die Here verhoor sy gebede; die Here openbaar sy mag; en hy wat Dawid is, ontvang nuwe krag. Al hierdie dinge beskryf die Here se verhewenheid bo alles.

Maar terselfdertyd beteken die Here se verhewenheid juis ook sy absolute nabyheid. Omdat God bo alles verhewe is, kan hy ons in die lewe hou selfs as die nood ons oorval. Dit doen die Here deur sy hand uit te strek en ons met sy regterhand te red. So belangrik is ek vir die Here.

Sy regterhand is ook waar Christus nou is. Vir die kind van die Here beteken dit dat alles goed sal afloop. Met sy kruisdood het Christus verseker dat God se verhewenheid vir ewig sal bly deurdadig die Here se Naam en woord bo alles gestel is.

So het Dawid reeds die Here met sy hele hart wou loof omdat daar aan sy liefde geen einde is nie. Kom ons bid dat God se verhewenheid my voor sy aangesig nederig maak, want Hy gee om vir die nederige (vs. 6)!

Sing: Psalm 145:1, 2, 12

Ds Petrus van Blerk (Vereeniging-Oos)